

# Leierskap so uit die perd se bek

**VAN die beste natuurlike maniere om leierskap te toets is om te kyk hoe 'n perd teenoor 'n persoon reageer.**

Aan die woord is me. Willemien Law, bemarkingshoof van die Universiteit Stellenbosch Bestuurskool (USB-BO).

In wat as 'n uiters unieke leierskapkonsep beskryf word, het die afdeling bestuursontwikkeling van die USB-BO onlangs 'n tweedaagse eksperimentele inisiatief aan middelvlakbestuurders, mense wat bestuurspotensiaal het, of aan mense wat hul bestuursvaardighede verder wil ontwikkel, op Boschendal-

plaas op die Westerdalepad buite Durbanville aangebied.

“Leierskap kan nagevors, geëvalueer en gekategoriseer word, maar dit is uiteindelik die realiteit van die lewe wat 'n persoon 'n doeltreffende leier maak.

“Kontak met perde kan hierdie realiteit baie goed naboots,” sê sy.

“Deur die program kan 'n bestuurder vasstel hoe sy leierskapstyl deur ander ervaar word. Dit geskied deur ander deelnemers in die groep waar te neem en van 'n natuurlike leier, die perd, te leer.

Die aanbieding is gedoen deur me. Yolanda Sing, 'n internasionaal erkende kundige op die gebied van

menslike hulpbronbestuur.

Equine Assisted Learning (EAL) word as 'n nuwe opkomende leierskapsveld beskou waarin eksperimentele aktiwiteite met perde gebruik word om realiteite van die lewe te weerspieël, sê Law.

“Deelnemers leer sodoende meer omtrent hulself om gedrag, gevoelens en patrone te prosesseer.

“Dit help om leierskapsvaardighede te kweek, probleem- en konflikoplossing te ontwikkel, grense daar te stel en daarby te hou, om aggressie te hanteer en ook om nie-verbale kommunikasie te verbeter.”

Volgens Law is perde uiters intuï-

tief en fyn ingestel op enige teenstrydighede in hul omgewing.

“Perde sal gou enige teenstrydige gedrag terug weerspieël waarvan die mens dalk nie bewus was nie.

“Deur met perde te werk kry 'n mens 'n goeie idee van jouself, hoe ander jou sien, wat jou motiveer, jou aanpasbaarheid en buigsaamheid in veranderende omstandighede en jou vermoë om te lei.

“Om 'n taak met perde af te handel bied 'n wonderlike metafoor vir die hantering van intimiderende lewensituasies.

“Deelnemers leer gou dat deur met perde te werk die uitoeven van mag nie 'n opsie is nie en dat 'n titel

niks beteken nie.

“Leierskap kom net na vore deur die verwerf van outoriteit, die toon van betroubaarheid en die verkryging van vertroue,” sê Law.

Deelnemers ondergaan vooraf 'n assessering van emosionele intelligensie wat na afloop van die program opgevolg sal word om veranderinge uit te wys wat uit die interaksie met die perde voortgevloei het.

Geen ondervinding met perde is nodig nie, terwyl daar ook geen perdry betrokke is nie.

Kontak Charmaine Garcia by 021 918 4488 of e-pos [charmaine.garcia@usb-ed.com](mailto:charmaine.garcia@usb-ed.com) vir meer inligting.



Cesar eet behoorlik uit me. Anna-Mart Engelbrecht van Kuilsrivier se hand. Engelbrecht het 'n leierskapskursus, wat deur die Universiteit Stellenbosch Bestuurskool op die Boschendal-plaas buite Durbanville aangebied is, bygewoon. Foto: Hannes Munday